SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

**OOS VRYSTAAT KAAP** Bedryf Bpk. Operations Ltd.

Reg. 1999/004069/06 | FSP Nr. 909 | NCRCP619

**Hoofkantoor/Head Office**
Dan Pienaarstraat/St 19
Ladybrand 9745

Posbus/PO Box 96,
Ladybrand 9745

Tel: 051 923 4500
E-pos/Email: klantediens@ovk.co.za
clientservices@ovk.co.za

**Streekkantore/Regional Offices**

| | |
|---|---|
| Bloemfontein | 051 247 5017 |
| Burgersdorp | 051 653 1855 |
| Cradock | 048 881 3484 |
| Ficksburg | 051 933 7662 |
| Hopetown | 053 203 9200 |
| Port Elizabeth | 041 406 7500 |

Webwerf/Web Site: https://www.ovk.co.za
Facebook: https://www.facebook.com/ovkgroep

# VOORWAARDES VIR INSKRYF VAN SPEENKALF AANLYN VEILINGS.

ALLE VEE SAL VOORAF DEUR OVK AMPTENAAR BESIGTIG WORD VIR GOEDKEURING.

INLIGTING BENODIG:

Produsent naam en van: ……………………………………………………………………………………………

Produsent se veearts: ……………………………………………………………………………………………

Ras: ……………………………………………………………………………………………………………

Eie aanteel/background: ……………………………………………………………………………………

Getal os/vers: ……………………………………………………………………………………………………..

Geskatte gewig: …………………………………………………………………………………………………

Datum van weeg: ………………………………………………………………………………………………..

Status: Droog of loop nog by ma: ……………………………………………………………………………..

Ent en doseer program: ………………………………………………………………………………………

Het kalwers bek en klou gehad? ……………………………………Datum geent? …………………………..

RMIS No: ……………………………………………………………………………………………………….

Pin Location: …………………………………………………………………………………………………

28 Dae vooraf kwarentyn: ……………………………………………………………………………………

Kleur van oor tags: ……………………………………………………………………………………………

Reserwe prys: …………………………………………………………………………………………………

**Bykomende inligting:**

Duidelike video van kalwers. ……………………………………………………………………………….

Aanlyn lot nommer: ……………………………………………………………………………………………

Hoendermis gevoer ja/nee: …………………………………………………………………………………..

Riglyn glyskaal, 10c per kg af bo 220kg, 10c per kg af bo 250kg, 10c per kg af bo 280kg

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ Terblanche (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, FJ van Zyl, JA van Zyl, SO Vermeulen, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

# VEILINGREËLS

## VAN TOEPASSING OP VEILINGS DEUR: OOS-VRYSTAAT KAAP BEDRYF BPK 1999/004069/06 (DIE AFSLAER)

Die veiling word aangebied deur OVK, h/a as Oos-Vrystaat Kaap Bedryf Bpk, Burmanweg 123, Deal Party, Noord Einde, Port Elizabeth, 6056, wie se kontakbesonderhede soos volg is:

Tel: 041 406 7500

### 1. RESERWEPRYS

Die veiling word gehou onderworpe aan 'n reserweprys. Die reg word in elk geval voorbehou om aanbiedinge namens die verkoper of die afslaer te maak.

### 2. ARTIKEL 45(1), (2) EN (3) VAN DIE VERBRUIKERSBESKERMINGSWET NR 68 VAN 2008 (DIE WET)

Hierdie sub-artikels wat slegs in Engels beskikbaar is lui soos volg:

"(1) In this section 'auction' includes a sale in execution of or pursuant to a court order, to the extent that the order contemplates that the sale is to be conducted by an auction.

(2) When goods are put up for sale by auction in lots, each lot is, unless there is evidence to the contrary, regarded to be the subject of a separate transaction.

(3) A sale by auction is complete when the auctioneer announces its completion by the fall of the hammer, or in any other customary manner, and until that announcement is made a bid may be retracted."

### 3. AANVANGSTYD

Die veiling sal'n aanvang neem op die gepubliseerde tyd en sal nie later begin ten einde 'n spesifieke persoon of persone in die algemeen in staat te stel om aan die veiling deel te neem nie.

### 4. WAT VERKOOP WORD

Slegs die lewende hawe, wild en eiendom (die goedere) wat beskryf word in die advertensie(s) wat hierdie veiling voorafgegaan het, word op die veiling verkoop.

### 5. VERKOPER

Slegs goedere van 'n verkoper (insluitende gasverkopers) wat voor die veiling 'n skriftelike kontrak met die afslaer aangegaan het, word op die veiling verkoop.

### 6. DIE KOPER

Slegs persone wat voor die aanvang van die veiling by die afslaer geregistreer het, 'n bieërsnommer ontvang het en 'n skriftelike kontrak met die afslaer gesluit het mag op die veiling bie. 'n Koper wat nie aan hierdie vereistes voldoen nie se bod is ongeldig en mag nie deur die afslaer aanvaar word nie.

### 7. ONGELDIGE AANBIEDINGE

'n Bod deur 'n koper gemaak wat nie geregistreer is as 'n koper nie, is ongeldig.

### 8. VOLMAGTE

Iemand wat die veiling bywoon en aanbiedinge namens 'n ander maak moet vooraf 'n skriftelike magtiging aan die afslaer voorlê waarkragtens spesifieke magtiging om aanbiedinge te maak, verleen word, Die magtiging moet die volgende besonderhede van die persoon bevat wat gestaaf moet word deur'n identiteitsdokument of, waar geen so 'n dokument bestaan nie, in die diskresie van die afslaer, 'n ander dokument waaruit die identiteit van die persoon vasgestel kan word en waarop 'n foto van die persoon voorkom. Die verlangde besonderhede is soos volg:

8.1 die verteenwoordiger se volle name;

8.2 sy geboortedatum;

8.3 sy identiteitsnommer;

8.4 sy woonadres; en

8.5 sy kontakbesonderhede.

In die geval waar 'n maatskappy verteenwoordig word moet die volmag op 'n briefhoof van die maatskappy verskyn en vergesel wees van 'n resolusie van die maatskappy.

### 9. TRUSTREKENING

Die afslaer het'n trustrekening waarin alle geld vir die voordeel van die verkoper min die ooreengekome kommissie betaalbaar aan die afslaer en uitgawes deur die afslaer in verband met die verkope aan gegaan, gestort sal word.

### 10. REDE VIR DIE VEILING

Indien die rede vir die veiling anders is as die normale en vrywillige vervreemding van die goedere van die verkoper, sal die rede deur die afslaer bekend gemaak word.

### 11. DIE AANBIEDERSREKORD

Die afslaer hou 'n rekord van alle voornemende kopers sowel as 'n vendurol en beide die dokumente is sonder vergoeding ter insae van bywoners van die veiling beskikbaar gedurende gewone besigheidsure.

### 12. WEERGAWE VAN HIERDIE REËLS

Hierdie reëls is die jongste weergawe daarvan.

## 13. AGENTSKAP

Die afslaer verkoop die goedere as agent van die verkoper en alle inligting wat gepubliseer is in advertensies, katalogusse, biljette of dergelike dokumente is daarin vervat in opdrag van die verkoper. Slegs die verkoper is,gevolglik,aanspreeklik ingeval dit bewys word dat die inligting in enige opsig verkeerd is.

## 14. BETALING

14.1 Tensy skriftelike reëlings tussen die afslaer en die koper getref is vir die toestaan van krediet geskied alle verkope van goedere op die veiling teen kontant. Die koopprys is sonder enige aftrekkings en sonder dat skuldvergelyking toegepas kan word, deur die koper aan die afslaer betaalbaar onmiddellik na die toeslaan van die bod en voordat die goedere van die veilingsterrein verwyder word. Betaling sal geskied per tjek (ingeval van goedgekeurde kopers) of per elektroniese bank oorplasing deur middel van die internet geriewe wat vir hierdie doel op die veiling perseel beskikbaar is.

14.2 Die afslaer is geregtig om betaling per tjek te weier.

## 15. VOORBEHOUD VAN EIENDOMSREG

Die afslaer, die verkoper en die koper kom ooreen dat by die toeslaan van die bod die eiendomsreg in die goedere van die verkoper oorgedra word na die afslaer in wie dit vestig totdat die koper alle verskuldigde bedrae aan die afslaer betaal het, ongeag of die verkoping vir kontant of op krediet is. By die oorgang van eiendomsreg word alle ander regte wat die verkoper teen die koper mag hê insgelyks oorgedra aan die afslaer.

## 16. RISIKO

16.1 By die toeslaan van die bod gaan die risiko ten opsigte van die betrokke goedere op die koper oor. Die afslaer sal ook nie aanspreeklik wees vir enige skade of verlies wat deur lewende hawe, wild of losgoedere na die toestaan van die bod veroorsaak word op welke wyse ookal aan enige iemand wat op die veilingsterrein teenwoordig is nie. Die koper vrywaar die afslaer teen aanspreeklik-heid vir enige sodanige skade.

16.2 In alle omstandighede sal die afslaer nooit teenoor enige van die ander partye aanspreeklik wees vir die betaling van gevolgskade nie.

## 17. DISPUTE

17.1 Ingeval daar enige geskil ontstaan met betrekking tot enige aanbieding(s) is die afslaer geregtig om alle aanbiedings op daardie betrokke goedere tot op daardie stadium onverwyld nietig te verklaar en van nuuts af aanbiedinge te vra.

17.2 Ingeval van ‘n geskil oor die uitleg of toepassing van hierdie reëls is die beslissing van die afslaer finaal.

## 18. VERWYDERING

Die koper is verplig om, sonder versuim, na afhandeling van die veiling, die goedere van die veilingsterrein op sy koste te verwyder.

## 19. ONROERENDE EIENDOM

Indien onroerende eiendom op die veiling opgeveil word is dit die verkoper se verpligting om toe te sien dat die koper wie se bod aanvaar word met hom ‘n skriftelike kontrak aangaan vir die verkoop van die eiendom.

## 20. DIE VEILINGSTERREIN

Alle persone wat die veilingsterrein betree doen dit op eie risiko en die afslaer is nie verantwoordelik vir enige beserings, skade of verliese van watter aard ookal en ontstaande uit watter skuldoorsaak ookal wat ‘n persoon mag ly of opdoen terwyl hy op die terrein is nie.

## 21. WILD

Aanbiedinge word deur kopers gemaak per dier van ‘n bepaalde spesie en as die bod toegeslaan word neem die koper die hele lot.

## 22. SERTIFIKAAT

Die afslaer sertifiseer hiermee dat hierdie reëls na die beste van sy wete voldoen aan die regulasies wat uitgevaardig is ingevolge die Wet.

## 23. REG VAN TOEGANG TOT VEILINGSTEREIN VOORBEHOU

Die afslaer behou die reg voor om binne sy diskresie enige persoon toegang tot die veilingsterrein te weier.

## 24. KONTANT HANTERINGSFOOI

Indien met kontant betaal word en bedrag meer as R500 000 beloop, word ‘n kontant hanteringsfooi van 1% gehef.

## 25. WOORDOMSKRYWING

In hierdie reëls:

25.1 sluit die manlik die vroulik in en omgekeerd; en die enkelvoud die meervoud; en

25.2 is ‘n verwysing na ‘n persoon, waar toepaslik ook van toepassing op ‘n regspersoon of enige ander entiteit insluitende trusts en vennootskappe.

**OP LAS DIE AFSLAER**

